**No. 2171** **7 Oktober 1983**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE EIENDOM MET DIE LAAT-VICTORIAANSE DUBBELVERDIEPING-SKAKELHUIS DAAROP, GELEË TE NEWINGTONWEG 56, PORT ELIZABETH

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die laat-Victoriaanse dubbelverdieping-skakelhuis daarop, geleë te Newingtonweg 56, Port Elizabeth, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die laat-Victoriaanse dubbelverdieping-skakelhuis daarop, geleë op sekere stuk grond in die munisipaliteit van die stad Port Elizabeth, afdeling Port Elizabeth, synde Erf 3082, Port Elizabeth-Sentraal, en groot eenhonderd nege-en-vyftig (159) vierkante meter.

Transportakte 13340/1974, gedateer 15 Mei 1974.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie huis vorm deel van 'n unieke ry identiese laat-Victoriaanse dubbelverdieping-skakelhuise wat teen die einde van die negentiende eeu opgerig is en wat sedertdien onveranderd gebly het. 10/2/1038.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

**No. 2171** **7 October 1983**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE PROPERTY WITH THE LATE VICTORIAN DOUBLE-STOREYED SEMI-DETACHED HOUSE THEREON, SITUATED AT 56 NEWINGTON ROAD, PORT ELIZABETH

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the property with the late Victorian double-storeyed semi-detached house thereon, situated at 56 Newington Road, Port Elizabeth, to be a national monument.

*Description*

The property with the late Victorian double-storeyed semi-detached house thereon, situate on certain piece of land in the Municipality of the City of Port Elizabeth, Division of Port Elizabeth, being Erf 3082, Port Elizabeth Central, and one hundred and fifty-nine (159) square metres in extent.

Deed of Transfer 13340/1974, dated 15 May 1974.

*Historical and architectural interest*

This house forms part of a unique terrace consisting of a row of identical late Victorian double-storeyed semi-detached houses which were erected at the end of the nineteenth century and which have since remained unaltered. 10/2/1038.

G. VAN. N. VILJOEN, Minister of National Education.